Reserwebank gaan Lancaster-eis teenstaan.

Die Reserwebank beskou die eis teen hom wat met Steinhoff verband hou as "baie ernstig" en is van plan om dit teen te staan.

Kuben Naidoo, 'n adjunkpresident van die Reserwebank en uitvoerende hoof van die Omsigtigheidsowerheid, sê hofstukke in antwoord op die eis sal eersdaags ingedien word.

Hy het tydens die Reserwebank se nuuskonferensie vir die rentekoersaankondiging gereageer op 'n vraag oor die Lancaster 101-saak wat vroeër die maand in die hooggeregshof in Pretoria aanhangig gemaak is.

Die onderneming voer in sy hofstukke aan Steinhoff het R334 miljard se bates uit Suid-Afrika geneem danksy goedkeuring wat by die Resewerbank bekom is. Die hof word gevra om vier Reserwebank-besluite ter syde te stel wat tussen 2014 en 2020 geneem is.

Steinhoff staan reeds die aansoek teen.

Jayendra Naidoo, 'n direkteur en voorsitter van Lancaster 101, voer in sy funderende eedsverklaring aan plaaslike beleggers in Steinhoff word weens die besluite van die Reserwebank nou wesenlik benadeel in 'n internasionale skikkingsvoorstel.

"Steinhoff het deur die herstrukturering, wat gefasiliteer is deur die goedkeuring van die Reserwebank, effektiewelik kapitaal en bates uit Suid-Afrika gestroop," voer Naidoo aan.

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/reserwebank-gaan-lancaster-eis-teenstaan-20210325

